

DANIËL

Die Profeet van die Here wat die heidense konings onderrig het

Dr JP Botha

VOORWOORD

Ek is Daniël, 'n profeet van die Here. Hy het my gebruik om sy Woord te verkondig en te verklaar aan die heidense konings wat Hy toegelaat het om Jerusalem te verower en in te neem.

Ek wil graag hierdie veelbewoë stukkie geskiedenis self aan jou vertel, sodat die wonderlike betekenis daarvan nie verlore gaan nie.

AAN DIE HOF VAN KONING NEBUKADNESAR

Ek was 'n jong man in 597 vC toe Nebukadnesar Jerusalem ingeneem het. Daarna is die heilige stad sistematies geplunder en beroof van al sy

kosbaarhede. Die Galdese koning het van die voorwerpe wat hy uit God se tempel geplunder het, saamgeneem na Babel en dit in die voorraadkamers van sy gode se tempel gaan sit.

Nebukadnesar het sy hoofpaleisamptenaar gevra om al die geletterde, aantreklike, intelligente en gesonde jongmanne in Jerusalem bymekaar te maak en na Babel saam te neem. Hulle moes veral uit koninklike families en vooraanstaandes van die gevange Israëliete wees.

Dis hoe ek in Babel beland het as een van die bevoorregte (?) jonges wat elke dag in die koning se paleis moes gaan diens doen, terwyl ons in die Galdese taal en letterkunde onderrig word en met kos en drank uit die paleis gevoer word. So moes ons drie jaar lank opgelei word, om daarna in die koning se diens te kan staan.

Toe ons klomp nou so "koninklik" aan die gang is, ontdek ek drie van my vriende, Gananja, Misael en Asarja. Hulle het toe reeds nuwe Galdese name gekry: Gananja het Sadrag geword, Misael was Mesag en Hananja het verander in Abednego. Ek ontdek toe dat my naam ook verander het van Daniël na Beltsasar.

Ek en my drie vriende weier toe ten enemale om die koninklike heidense kos waarmee ons gevoer word, te eet. Ek het vir die hoofkelner net groente gevra om te eet en water om te drink, maar hy was bang dat ons na 'n tyd baie sleg sou lyk en dan sou die koning sy kop laat waai.

Ek vra toe vir ons vier 'n proeftydperk van tien dae op groente en water. As ons dan slegter lyk as die ander wat koninklike kos kry, kan hy met ons maak wat hy wil.

Nouja, daarna het ons nie net beter gelyk en gevoel as al die ander nie, maar die Here het ons ook met ekstra gawes en wysheid voorsien. Vir my het Hy die vermoë gegee om gesigte en drome te verstaan.

Toe ons opleidingstyd verby is, is al die jongmanne voor koning Nebukadnesar gebring. Tydens die onderhoude is niemand gevind wat my en my drie vriende se gelyke was nie. Hy het bevind dat ons in wat wysheid en insig vereis, tien keer beter was as al sy towenaars en voorspellers.

NEBUKADNESAR SE DROOM

Kort nadat ek en my drie vriende en die meeste van die oulike jongmanne wat saam met ons opgelei is, diens aanvaar het aan die koninklike hof, het daar 'n ding in Babel gebeur wat al die inwoners gruwelik omgekrap het. Koning Nebukadnesar het in sy derde regeringsjaar een nag 'n merkwaardige droom gehad wat hom baie ontstel het. Hy kon om die dood nie verder slaap nie en laat net daar in die middel van die nag al sy waarsêers, voorspellers, besweerders, sterrekykers en towenaars kom om vir hom die droom te verklaar. Hy sê vir hulle dat hy 'n droom gehad het wat hom baie ontstel het en hy wil weet wat die droom beteken.

Die hele klomp "geleerdes" was nog houtgerus oor die hele saak toe hulle segsman ewe liefies vir die koning sê dat hulle graag soos altyd vir hom gaan sê wat die droom beteken, maar hy moet tog net vir hulle vertel *wat* hy gedroom het.

Koning Nebukadnesar het blykbaar nie veel geloof gehad in sy waarsêers se vermoë om drome uit te lê nie en besluit om hulle hierdie keer tot die uiterste te toets. Hy sê: "As julle nie sowel die droom en sy betekenis vir my kan gee nie, sal julle liggame in stukke gekap word en van julle huise sal mishope

gemaak word. Maar as julle dit kan doen, sal ek julle met geskenke beloon en julle vereer. Sê vir my wat ek gedroom het en wat dit beteken."

Hulle antwoord was: " Ag, sê net vir ons wat u gedroom het en ons sal dit vir u uitlê."

"Ja-nee!" sê die koning. "Dis nes ek gedink het. Julle probeer tyd wen. Julle het gesien my besluit staan vas. As julle nie vir my kan sê wat ek gedroom het nie, bly daar net één ding vir julle oor. Julle verkoop aan my leuens met die hoop dat ek my besluit sal verander. Sê vir my wat ek gedroom het, dan sal ek weet dat julle ook kan verklaar wat dit beteken."

In hulle benoudheid oor die vreeslike lot wat hulle wag, het hulle by die koning gehuil: "Geen mens op aarde, buiten die gode alleen kan sê wat die koning gedroom het nie!"

Koning Nebukadnesar het so woedend geword dat hy opdrag gegee het dat al sy raadgewers doodgemaak moes word. Hy het sommer dadelik so 'n wet uitgevaardig...

Daar het groot konsternasie in die stad geheers toe die beamptes van die koning na sy gewese raadgewers begin soek om hulle tereg te stel. Hulle het ook van

my en my drie vriende gehoor, onder andere dat ons oor spesiale vermoëns beskik.

Toe ek agterkom hulle soek na ons ook, het ek na Arjok, die hoof van die koning se lyfwag gegaan om vas te stel hoe ernstig die dinge teen ons is. Ek het toe na die koning self gegaan en vir hom uitstel gevra om sy droom te verklaar.

Ek het na my huis toe gegaan en my drie vriende, Gananja, Mesaël en Asarja vertel hoe sake staan. Hulle moet asseblief saam met my tot die Here bid en pleit vir 'n oplossing oor die raaisel oor wat koning Nebukadnesar gedroom het, sodat ons nie saam met die res van die raadgewers in Babel doodgemaak word nie.

Die Here het toe die oplossing van die droom se geheim in die nag aan my gegee. Die volgende môre het ek die Koning van die hemel geloof en gesê:

Loof die Naam van God
vir altyd, ja, altyd;
Aan Hom behoort wysheid
en krag;
Hy bepaal tye en geleenthede;
Hy sit konings af
en stel konings aan;
Hy gee wysheid

vir dié wat wys is
en kennis vir dié wat insig het;
Hy maak dinge oop
wat diep en weggesteek is;
Hy weet wat in die donker gebeur
en by Hom is daar lig;

Ek loof en prys U,
God van my voorouers;
U het my wysheid en krag gegee;
U het my ingelig
oor wat ons van U gevra het;
U het my ingelig oor die droom van die koning."

Die volgende môre is ek toe na Arjok toe, wat opdrag gehad het om die raadgewers in Babel dood te maak. Ek het aan die arme onskuldige mense gedink en aan Arjok gesê: "Moet tog nie die raadgewers van Babel doodmaak nie. Bring my voor die koning dat ek sy droom vir hom kan uitlê."

Arjok se gesig het gestraal van blydschap toe hy my haastig na die koning toe neem, want sy eie lewe het ook maar aan 'n draadjie gehang as hy weens jammerhartigheid nie al die towenaars en besweerders bykom en doodmaak nie.

Toe ek by Nebukadnesar kom, spreek hy my op my ander naam aan en vra: "Beltsasar, kan jy regtig sê wat ek gedroom het en wat dit beteken?"

Ek antwoord toe met groot klem en erns: "Daar is geen raadgewer, besweerder, towenaar of sterrekyker wat die geheim vir die koning kan verklaar nie. Maar die God van die hemel weet alles en kan geheime verklaar. Hy het in die droom vir koning Nebukadnesar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U het daar op u bed gelê en dink aan die toekoms. Toe het God u in u droom wat gevolg het, laat sien wat in die toekoms gaan gebeur. Hy het die geheim ook vir my verklaar, nie omdat ek slimmer is as iemand anders nie, maar omdat Hy wil hê dat die koning moet verstaan waaroor u gedink het.

"O koning, u het daar 'n groot beeld voor u gesien staan. Dit was 'n baie groot en blink en vreesaanjaende ding. Sy kop was van fyn goud gemaak, sy lyf en arms van silwer, sy onderlyf en heupe van brons, sy bene van yster en sy voete deels uit yster en deels uit klei.

"Onderwyl u so daarna gestaan en kyk het, het daar 'n groot klip iewers losgeraak en die beeld se voete van yster en klei getref en dit verpletter. Toe het die hele beeld inmekaar gestort. Dit het heeltemal

verbrokkel en verpoeier en is soos kaf in die wind totaal weggewai. Die rots wat die beeld verpletter het, het 'n groot berg geword wat die hele aarde bedek het.

"Dit is wat u gedroom het, o koning. Ek gaan nou vir u sê wat dit beteken: Die God van die hemel het u die koning van die konings gemaak. U is daardie kop van goud. Die God van die hemel het vir u 'n magtige koninkryk en mag en aansien gegee. Hy laat u regeer oor die hele mensdom, die diere in die veld en die voëls in die lug. U is die kop van goud.

"Na u kom daar 'n kleiner koninkryk en na hom kom 'n derde koninkryk van brons om oor die wêreld te regeer. Daarna sal 'n vierde koninkryk so sterk soos yster wees. Dit sal al die ander koninkryke vernietig. Dit sal opgevolg word deur 'n koninkryk wat deels sterk soos yster en deels broos soos klei sal wees.

"Dan sal God 'n koninkryk oprig wat nooit tot niet sal gaan nie. Dit sal soos 'n rots losbreek en al die ander vernietig. Dit staan vas dat God dit aan die einde van die dae sal laat gebeur. Hy het dit alles met u droom aan u bekend gemaak."

Die verklaring van die koning se droom het groot eer aan my besorg. Nebukadnesar het diep voor my

gebuig en opdrag gegee dat daar offers aan my gebring en wierook vir my gebrand moes word.

Die groot Nebukadnesar het vir my gesê: "Sowaar, jou God is die God van alle gode en die Heer van alle konings. Hy los raaisels op, want jy kon die geheim vir my verklaar."

Die koning het my bevorder en my baie geskenke gegee. Hy het my aangestel as regeerder oor die provinsie van Babel en as leier van al sy raadgevers. Toe stel hy op my versoek vir Sadrag, Mesag en Abednego aan as die drie regeerders van die provinsie Babel.

DIE DRIE MANS IN DIE BRANDENDE OOND

Die volgende snaakse ding wat in Babel plaasgevind het, was toe koning Nebukadnesar besluit het om 'n reuse beeld van dertig meter hoog en drie meter breed van goud te laat maak. Hy het mos genoeg goud uit die tempel in Jerusalem laat wegdra om so iets aan te vang. Toe hierdie struktuur met skrikwekkende voorkoms voltooi is, het hy hom in die Duravlake van die provinsie laat oprig. Daarna het hy opdrag gegee aan al sy amptenare, hoofgoewerneurs, goewerneurs, raadgevers,

skatmeesters, regters, magistrate en al die amptenare van die provinsies om bymekaar te kom vir die ingebruikneming van die beeld.

Almal wat toe so aangesê is om die inwyding van die beeld by te woon, het opgedaag en voor die beeld gaan staan. 'n Aankondiger het toe hard uitgeroep: "Luister, alle volke en nasies en tale. Sodra julle die trompet hoor blaas en die fluit, siter, lier, harp en ander blaas- en musiekinstrumente hoor, moet julle neerval en tot die goue beeld bid wat koning Nebukadnesar laat oprig het. Enigeen wat nie neerval om dit te aanbid nie, sal dadelik in 'n vlamme oond gegooi word."

Op die oomblik toe almal wat so gereed gestaan het, die geluid van al die musiekinstrumente hoor, het hulle op hul knieë gegaan en die goue beeld aanbid.

Daarna het 'n paar Galdese mans na Nebukadnesar gegaan en ewe langdradig en skynheilig vir hom gesê: "Mag die koning lank lewe! U Edele het mos 'n bevel uitgereik dat elkeen wat die geluid van die trompet, fluit, siter, lier, harp of enige ander musiekinstrument hoor, dadelik moet neerval en die goue beeld aanbid. Dié wat dit nie doen nie, sal in die vuuroond gegooi word. Daar is Joodse mans wat nie doen wat die koning beveel het nie. Dit is Sadrag, Mesag en Abednego wat u oor die administrasie van

die provinsie van Babel aangestel het. Hulle gee nie eer aan u gode nie en hulle aanbid nie die goue beeld wat u opgerig het nie."

Nebukadnesar het baie kwaad geword. Die sprankie geloof in my en my vriende se God wat vir hom vertel het wat hy gedroom het en dit verklaar het, het verdwyn toe hy hulle aanspreek: "Sadrag, Mesag en Abednego, is dit waar dat julle nie aan my gode eer wil bewys nie en nie die goue beeld wat ek opgerig het wil aanbid nie? Kyk, ek gee julle nog één keer kans. Luister, as julle die musiek hoor, val dan neer en aanbid die beeld. As julle dit nie doen nie, sal julle onmiddellik in die vlamme oond gegooi word. Watter God sal julle dan uit my hand kan red?"

Het hy vergeet dat hy vir my gesê het, "Sowaar jou God is die god van alle gode en die Heer van alle konings?"

Sadrag, Mesag en Abednego het die koning geantwoord: "Natuurlik kan ons God ons uit die vuur red en ons uit u hand bevry. Maar selfs al red Hy ons nie, meneer die koning, sal ons nie u gode vereer nie. Ons sal nie die goue beeld wat u gemaak het, aanbid nie."

Ou koning Nebukadnesar was nou só kwaad vir Sadrag, Mesag en Abednego dat hy in een van die

groot oonde wat beskikbaar was, die vuur so kwaai laat stook het dat dit sewemaal so warm as gewoonlik was. Hy het seker gemeen om die drie rebelse manne se liggame onmiddellik te veras, sodra hulle binne in beland.

Toe gee hy 'n paar van sy soldate bevel om die drie manne vas te bind en so, met klere en al by die oop deur van die gloeiende oond in te slinger. Hulle kon ter nouernood daarin slaag, want hulle is net daar voor die deur doodgebrand deur die versengende hitte wat uitgestraal het.

En my drie vriende, Sadrag, Mesag en Abednego? Hulle stap ongebind en ongedeerd saam met 'n vierde persoon in die oond rond. Dit is die Engel van die Here! Hulle het later vir my gesê hulle sal enige tyd weer die ongerief van die vlamme verdra, saam met die heerlike geselskap van die Engel.

Koning Nebukadnesar was absoluut verstom toe hy sien wat gebeur. Hy het opgestaan en vra stotterend: "Was dit nie drie mans wat ons vasgebind het en in die vuur gegooi het nie?"

"Ja, beslis, u Majesteit", het hulle gesê.

"Ek sien dan vier mans in die oond rondloop. Hulle is nie vasgebind nie. Hulle makeer niks. Die vierde een lyk soos 'n bo-aardse wese."

Nebukadnesar het nadergestaan aan die deur van die vlamme oond en geroep: "Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van God die Allerhoogste, kom uit en kom hier na my toe."

My liewe drie vriende het toe uit die vlamme oond uitgestap, onderwyl die amptenare, hoofgoewerneurs, ander goewerneurs en ministers om hulle saamgedrom het. Hulle het gesien dat die vuur geen effek op hulle gehad het nie. Die hare op hulle kop was nie eers geskroei nie. Hulle klere het niks oorgekom nie en hulle het ook nie na rook geruik nie. Die Engel was nie meer daar nie.

Toe praat Nebukadnesar: "Loof Sadrag, Mesag en Abednego se God! Hy het sy Engel gestuur om hulle wat op hom vertrou het, te red. Hulle het die koning se bevel verontagsaam en was bereid om hulle lewens te gee, eerder as om eer te bewys aan enige ander god of enigeen buiten hulle eie God te dien.

"Ek maak nou 'n wet dat enige volk, nasie of taal wat sonder respek oor Sadrag, Mesag en Abednego se God praat, in stukke gekap en van hul huise 'n ashoop

gemaak sal word. Daar is geen ander god wat so kan red soos Hy nie!”

Sommer net daar het hy my drie vriende in nog hoër posisies in Babel aangestel.

DIE DROOM OOR DIE BOOM

Dit was vir my duidelik dat koning Nebukadnesar baie diep beïndruk was met die onoortreflike mag wat die almagtige God getoon het met die redding van my drie vriende uit die helse vlamme van die vuuroond. Maar ek het ook met jammerte opgemerk dat hy nog nie in volkome geloof hom oorgegee het in aanbidding van ons ware God die Here nie. Daarvoor was hy nog te eiegeregtig en trots op sy eie grootheid en mag. Maar ons liewe Heer se plan om hom tot algehele oorgawe te dwing, sou kort daarna plaasvind. Die Here het weer by wyse van 'n droom met hom gepraat.

Oudergewoonte het hy weer al wat 'n waarsêer in die land was, bymekaar geroep en vir hulle die droom vertel, maar hulle kon dit nie uitlê nie.

Toe roep hy my en sê vir my: “Beltsasar, ek het jou na my god Beltsasar vernoem, want die gees van die

gode is in jou. Ek sal vir jou vertel wat ek gedroom het, dan moet jy vir my sê wat dit beteken:

“Ek het op my bed gelê en in die middel van die wêreld 'n hoë boom gesien. Die boom het groot en sterk geword. Dit was naderhand so hoog soos die wolke. Almal op die wêreld kon dit sien. Dit het groen blare gehad en genoeg vrugte gedra dat almal daarvan kon eet. Die diere van die veld het in sy skaduwee gestaan. Die voëls van die lug het daarin nes gemaak. Almal wat leef kon van sy vrugte lewe.

“Terwyl ek nog op my bed lê en droom, het daar 'n bo-aardse wese uit die hemel uitgekom. Hy het hardop uitgeroep: 'Kap die boom af! Stroop sy blare af! Skud sy vrugte af! Jaag die diere weg van sy skaduwee! Jaag die voëls uit sy takke! Laat staan net sy stomp en sy wortels tussen die gras in die grond met 'n band van yster en koper om. Die dou uit die lug moet hom natmaak. Hy moet saam met die diere in die oop veld bly. Laat sy geaardheid word soos dié van 'n dier. Laat sewe tydperke vir hom verbygaan.'

“Dit was die droom wat ek gehad het, Beltsasar. Jy moet nou vir my sê wat dit beteken. Nie een van hierdie ander sogenaamde slimkoppe kan dit vir my verklaar nie. Ek weet jý kan, want die heilige gode is in jou.”

Ek het so hartseer gevoel toe hy die Here God almagtig vergelyk met 'n klompie "heilige gode", maar ek was letterlik skrikbevange toe ek besef wat die werklike betekenis van hierdie unieke droom was. Nebukadnesar het my huiwering bemerk en sê: "Beltsasar, jy moenie dat die droom en sy betekenis jou omkrap nie."

Ek het toe maar op 'n omslagtige wyse oor die wrede betekenis van hierdie droom van hom begin praat. Met die doel om die skok oor die betekenis daarvan enigins te versag: "U Edele, ek wens die droom en sy betekenis was eerder vir u vyande. Die boom wat u gesien groei en grootword het, sodat almal oor die hele wêreld dit kon sien, met sy groen blaredak en sy baie vrugte waarvan almal kon eet, sy skaduwee waaronder al die diere van die veld kon skuil en sy takke waarin die voëls van die lug kon nesmaak, is u self, koning. U het groot en sterk geword. U aansien het hemelhoog geword. U regeer tot by die uithoeke van die aarde.

"Koning, u het 'n heilige bo-aardse wese gesien wat afkom uit die hemel. Hy het gesê: Kap die boom af! Vernietig dit! Laat staan net sy stam en wortels, met 'n band van yster en koper om, in die grond tussen die gras van die veld! Laat die dou uit die lug op hom kom

en laat hy by die diere van die veld bly totdat sewe tydperke verbygegaan het.

"Koning, die droom beteken dat God die Allerhoogste oor die koning 'n besluit geneem het. U sal van die mense af weggejaag word en tussen die wilde diere van die veld moet gaan bly. U sal gras eet soos 'n bees en die dou uit die lug sal op u val. Sewe tydperke sal vir u verbygaan totdat u erken dat dit God die Allerhoogste is wat oor die koninkryke van mense regeer en dit gee vir wie Hy wil. Dat hulle gesê het die boomstomp en sy wortels moet in die grond oorbly, beteken dat u u koningskap weer sal terugkry sodra u erken dat dit die hemele is wat eintlik regeer.

"O koning, luister tog na my raad. Breek weg van u sondes en doen wat reg is. Los u ongeregtheid en sorg vir dié wat behoeftig is. Miskien hou u voorspoed dan nog 'n bietjie langer."

Hy het my nie geantwoord nie en ons het nie weer met mekaar daaroor gepraat nie. Ek het nie geweet of hy my uitleg van sy droom geglo het nie. Hy het egter voortgegaan asof daar niks gebeur het nie.

Sy ongeluksdag het 'n jaar later aangebreek, onderwyl hy op die dak van sy koninklike paleis in Babel rondgeloop het. Hy spog toe by homself: "Ek het

hierdie grote Babel met my eie mag as my koninklike tuiste opgebou, om 'n teken te wees van my grootheid."

Onderwyl hy nog besig was om te praat, kom daar 'n stem uit die lug: "Koning Nebukadnesar, hier is 'n aankondiging vir jou: Jou koningskap word van jou af weggevat! Jy word van die mense af weggejaag. Jy sal tussen die diere van die veld gaan bly. Jy sal gras eet soos 'n bees. Daar sal vir jou sewe tydperke verbgaan totdat jy erken dat God die Allerhoogste regeer oor die koninkryke van die mense en hulle aanstel soos Hy wil."

Die volgende oomblik het dit met koning Nebukadnesar begin gebeur. Mense wat die wanstaltige figuur gewaar het, het waarskynlik gedink dat dit 'n kranksinnige was en het hom na die veld verdryf. Hy het gras begin eet soos 'n bees. Snags is hy benat deur die dou van die veld. Sy hare het so lank geword soos 'n arend se vere en sy naels het soos 'n voël se kloue geword.

Gedurende die tyd wat die ou groot koning in hierdie gedaante en toestand verkeer het, het ek met groot jammerte in my hart daaraan gedink dat dit vir hom iets verskrikliks moes gewees het om so 'n afgryslike vernedering te ondervind, maar toe besef ek dat hy

gladnie bewus was van sy aaklike dierlike toestand, solank as wat dit geduur het nie.

Hy self praat as volg daarvan: "Na hierdie tyd verby was, het ek, Nebukadnesar, opgekyk boontoe. Ek het weer tot my sinne gekom. Ek het voor God die Allerhoogste gekniel en Hom geloof wat vir altyd lewe. Ek het Hom geprys wat vir altyd regeer en aan wie se heerskappy daar nooit 'n einde sal kom nie."

Ek was verbaas en verheug oor die kennis en geloof wat ons "nuwe" koning Nebukadnesar openbaar het. Hy het vir ons gesê: "Almal wat op die aarde woon, is niks in vergelyking met Hom nie. Hy maak soos Hy wil met dié in die hemel en dié wat op die aarde woon. Niemand kan Hom teëgaan nie. Niemand kan vir Hom sê: Wat doen jy? nie."

Van sy herstel het hy verder vertel: "Toe ek tot my sinne gekom het, het die posisie van my koningskap, my aansien en my eer ook teruggekom. My raadgewers en amptenare het na my kom soek en ek is weer in my koningskap herstel. My aansien het selfs nog meer geword as vantevore. As gevolg hiervan loof en verheerlik en vereer ek, Nebukadnesar, die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is waar. Wat Hy doen, is reg. Almal wat hoogmoedig is, kan Hy verneder."

Toe ek ons "nuwe" koning so hoor praat, het ek die Heer inniglik gedank vir die uiteindelijke redding van sy kosbare siel.

DIE SKRIF TEEN DIE MUUR

Die Here het die ou Galdese koning nog 'n geruime tyd toegelaat om oor Babel te regeer voordat hy uiteindelik opgevolg is deur die laaste Galdese koning, Bêlsasar. Hierdie koning het egter kortstondig onder spannende omstandighede regeer, want die Meders uit die noorde het die een na die ander verwoede aanval op Babel en sy inwoners geloods. Onder hierdie gevaarlik-wisselende omstandighede het koning Bêlsasar besluit om die beste daaruit te haal. Hy het saam met 1 000 van sy amptenare 'n groot fees by sy paleis in Babel gehou.

Toe almal reeds lekker en vrolik aan die drink was, beveel die koning dat al die goue voorwerpe wat sy voorganger, Nebukadnesar, uit die tempel van die Here in Jerusalem verwyder het, gehaal moes word sodat hy saam met sy vooraanstaande amptenare, sy vroue en sy byvroue daaruit kon drink.

Toe die wyn wat uit die goue bekere vloei, die brassery sy hoogtepunt laat bereik en die menigte

besig was om hulle nuttelose afgode te loof en te prys, sien die koning tot sy grootste skrik die vingers van 'n mens se hand verskyn en die hand begin om regoor die kandelaar op die muur van die koning se paleis te skryf.

Toe die koning sien hoe die hand skryf, het hy meteens bleek geword. Sy knieë het teen mekaar begin klap, want hy het ontsettend bang geword.

Spoedig was die hele byeenkoms in rep en roer, want die koning het geskreeu dat die voorspellers, die sterrekykers en die besweerders gehaal moes word om te verklaar wat daar op die muur geskryf word.

Hy het vir die wyse manne wat om hom saamgedrom het, gesê as enige persoon dit kan lees en verklaar, sal hy hom met koninklike klere laat uitdos, 'n goue ketting om sy nek hang en hom as die derde persoon in sy koninkryk aanstel.

Niemand van die koning se slimmes kon egter die skrif lees of verklaar wat dit beteken nie.

Toe die jong koning se ma hoor van die debakel waarin die koning en sy amptenare hulle bevind, gaan sy na die saal waar die fees gehou is en sê vir hom: "Moenie jou so ontstel en bang wees nie. Daar is 'n man in jou koninkryk in wie die heilige gode woon. Hy

het insig, begrip en wysheid soos van die gode self. Jou voorganger, Nebukadnesar, het hom aangestel as hoof oor sy towenaars, besweerders en sterrekykers. Sy naam is Daniël. Hy is buitengewoon skerpsinnig en begaafd. Hy kan drome uitlê, raaisels oplos en probleme ontknoop. Laat Daniël kom sodat hy dit kan lees en kan verklaar wat dit beteken.

Die koning het my toe laat kom. Toe ek voor hom staan, sê hy: "Ek verstaan dat die gode in jou woon en dat jy 'n besondere begrip, insig en wysheid het. My geleerdes en towenaars kan nie die skrif teen die muur verklaar nie. As jy kan lees wat daar gskryf staan en vir my sê wat dit beteken, sal ek vir jou 'n koning se klere gee, 'n goue ketting om jou nek hang en jou in die derde posisie in my koninkryk aanstel."

Ek het die koning toe as volg geantwoord: "U kan maar die geskenke vir u self hou en die beloning vir iemand anders gee. Ek sal nogtans vir die koning lees wat daar gskryf staan en sê wat dit beteken. U is die koning. God die Allerhoogste het die koninkryk, sy grootsheid, sy eer en sy aansien vir u voorganger, Nebukadnesar, gegee. Hy het hom so groot gemaak dat volke, nasies en tale vir hom bang was. Hy het doodgemaak wie hy wou en laat lewe soos hy wou. Hy het aangestel wie hy wou en verneder soos hy lus gekry het.

Toe hy hoogmoedig en verwaand geword het, is hy van sy troon afgesit en sy eer is van hom weggeneem. Hy is van die mense af weggejaag en het soos 'n dier geword. Hy het tussen die wilde donkies gebly en gras geëet soos 'n bees. Die dou van die lug het op hom geval, totdat hy erken het dat God die Allerhoogste regeer oor die koninkryke van die wêreld en daarvoor aanstel wie Hy wil.

Koning Bélsasar, hoewel u as sy opvolger dit alles geweet het, was u nogtans nie nederig nie. U het u teenoor die Here van die hemele aangestel. U het die bekers uit sy huis laat kom en saam met u amptenare, vroue en byvroue daaruit wyn gedrink. U het heildronke ingestel op afgode wat van silwer, goud, brons, yster hout en klip gemaak is, wat nie eens kan sien of hoor of enigiets weet nie. U het hulle aanbid, en nié die God wat u lewe in sy hand hou en die rigting van u lewe bepaal nie. En u het Hom nie vereer nie.

Daarom het Hy hierdie hand gestuur om dié boodskap te skryf.

"Daar staan gskryf: *Mene, mene, tekkel ufarsin*. Dit beteken: Mene - God het die tyd van u koninkryk afgetel en bring dit nou tot 'n einde. Tekel - u is op die skaal geweeg en te lig bevind. Peres - u koninkryk word verdeel en vir die Mede en Perse gegee."

Na hierdie uiters noodlottige en slegte nuus, het Bêlsasar nogtans opdrag gegee dat ek 'n koning se klere moes ontvang, 'n goue ketting om my nek gehang en derde in rang in die koninkryk aangestel moes word.

Daardie selfde nag nog het die Mediërs uit die noorde Babel binnegeval en verower en koning Bêlsasar doodgemaak.

IN DIE LEEUHOK

Die magtige wêreldryk van die Galdeërs in die noord-ooste van oud-Israel, wat verantwoordelik was vir die laaste wegvoering van ons volk, waaronder ook ekself en my jong vriende, het aan die einde van sy wêreldmag gekom toe die Meders Babel verower het en koning Darius ons as gevangenes van die Galdeërs geërf het.

Die 62-jarige koning Darius het geweet van my en my vriende se goeie diens aan die land en die kroon. Hy het 120 amptenare oor sy koninkryk aangestel en drie hoofde as toesighouers oor die belange van die koning. Ek was een van die drie. Toe het die Here my weer genadiglik in staat gestel om my werk met

soveel onderskeiding te verrig dat koning Darius my oor sy hele ryk wou aanstel.

Die amptenare en hoofde het toe uit jaloesie begin fout soek om iets te vind wat hulle teen my werk kon inbring. Maar hulle kon niks kry waarin ek nalatig was nie. Toe besluit hulle om my weens my godsdiens aan te kla.

Met valse vroomheid kom 'n groep van die amptenare en hoofde toe na die koning en kla my op die volgende omslagtige wyse aan:

"Koning Darius, mag u nog lank lewe! Al die hoofde in die ryk, die hoofgoewerneurs, die hoofamptenare, die raadgewers en die goewerneurs beveel by u aan dat die koning 'n dekreet uitvaardig en bekragtig dat enigeen wat gedurende die volgende dertig dae enige god of mens behalwe die koning vereer, in 'n hok met leeus gegooi sal word. U Majesteit moet die wet opstel en dit onderteken, sodat dit kan staan as wet van Mede en Perse wat nie verander kan word nie."

Koning Darius het die wet uitgevaardig en onderteken. Toe ek dit hoor, het ek na my huis gegaan. Ek het verstaan dat koning Darius vir die versoeking om as 'n god vereer te word, geswig het en nie aan my gedink het nie.

By my huis het ek 'n venster gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem. Ek was gewoon om driemaal op 'n dag voor die venster op my knieë te gaan en tot die Here te bid en Hom te loof met my hele hart.

Onderwyl ek toe so besig was om met my God te verkeer en Hom te loof vir al sy goedheid wat Hy voortdurend aan my bewys, het 'n groep van my vyande my deur die oop venster afgeloer en afgeluister en hulle na die koning gehaas en triomfantlik vir hom gevra: "Het u nie die wet onderteken dat enige persoon wat gedurende die volgende 30 dae tot enige god of mens bid, behalwe tot u, vir die leeus gegooi sal word nie?"

"Ja, ek het. 'n Wet van Mede en Perse kan nooit verander word nie."

"Daniël, een van die Judese ballinge, steur hom nie aan die wet nie. Hy bid driemaal elke dag."

Toe die koning uiteindelik besef dat die klomp valsaards daarin geslaag het om hom met die uitvaardiging van die wet my doodvonnis te laat onderteken, het hy baie kwaad geword en een na die ander plan bedink om my te red. Maar die onherroepbare wet van die Mede en die Perse het verlamrend voor hom gestaan.

Hulle het dit bemerk en toe weer ewe vroom vir hom kom sê: "O koning, u weet tog dat 'n wet wat 'n koning onderteken het volgens die reël van Mede en Perse, vasstaan. Dit kan nie verander word nie."

Daarop het koning Darius beveel dat ek in die leeuhoek gegooi moes word. Hy het vir my gesê: "Mag jou God wat jy altyd dien, jou bevry."

Hulle het 'n groot klip voor die ingang van die grot gerol en met die koning se seëlring en die seël van sy vooraanstaande amptenare verseël, sodat niemand daarmee kon peuter en my straks daar uithaal nie.

Die koning is toe terug na sy paleis toe. Hy het daardie aand niks geëet nie en daar is ook nie soos gewoonlik, vir hom musiek gemaak nie.

Met dagbreek die volgende oggend het hy haastig na die leeus se hok toe gegaan. Hy het angstig na my geroep en gevra: "Daniël, dienaar van die lewende God, kon jou God, wat jy altyd aanbid, jou van die leeus red?"

Ek het opgespring en uitgeroep: "Mag die koning lank lewe! My God het sy boodskapper gestuur. Hy het die leeus se bekke toegesluit sodat hulle niks aan my kon doen nie, want ek het niks verkeerd teen Hom

gedoen nie. Ook teen die koning het ek geen oortreding begaan nie."

Die koning se blydschap het geen perke geken nie. Hy het my dadelik uit die hok laat haal. Daar was geen skrapie aan my nie, want ek het op my God vertrou.

Die koning het beveel dat daardie mans wat my wou veronreg, saam met hulle vroue en kinders in die leeuhoek gegooi moes word. Hulle het skaars grond gevat in die hok, of die leeus het hulle verskeur.

Koning Darius het toe in 'n brief aan al die volke, tale en nasies op die hele aarde geskryf:

"Hartlike groete vir julle almal! Ek vaardig 'n bevel uit dat daar in alle gebiede van my ryk, agting en respek moet wees vir die God van Daniël. Hy is die God wat lewe en vir altyd bestaan. Sy koninkryk ken geen einde nie en sy regering het geen grense nie. Hy bevry en Hy red. Hy rig tekens op en doen wonders, bo in die hemel en onder op die aarde. Hy het Daniël gered uit die mag van die leeus."

Toe ek dit lees, het ek gedink: "Ja, en Hy het ook vir die liewe koning Darius gered uit die kloue van die onderwêreld waarheen hy vroeër op pad was.

Na hierdie voorvalle het die liewe Heer my nog jare lank voorspoedig laat leef en gebruik gedurende die

mooi regering van die Meder, koning Darius en van die wonderlike Persiese koning, Kores, wat ons Israeliete toestemming gegee het om weer na ons heilige land terug te keer.

DANIËL SE VISIOENE

In die derde jaar van die Galdese koning Bêlsasar, seun van die rondvluggende koning Nabonedus, wat toe nog nie deur die Meders agterhaal is nie, het Daniël vir Bêlsasar die skrif aan die muur verklaar. In daardie selfde jaar het Daniël in 'n droomgesig van vier snaakse diere 'n visioen beleef van wat in die toekoms sou plaasvind. Die leeu met vlerke is die Babiloniese ryk, die vraatsugtige beer is die Medo-Persiese ryk, die vinnige luiperd is die Macedonies-Griekse ryk wat in vier verdeel is. Die vierde dier is die Romeinse ryk. Daarna volg die einde, die koningskap van God se volk. Die tien horings van die vierde dier wys op die verbrokkeling van die Romeinse ryk en die elfde horing is die ryk van die antichris.

Die visioen wat Daniël daarna gehad het, gaan oor die einde van die Babiloniese ballingskap en wat daarna sou gebeur.

In die derde jaar van Koning Kores se regering, ontvang Daniël 'n gesig wat hy aan die oewers van die Tigris beleef het. Dit is mededeling van die engel Gabriël in verband met die Persiese ryk, van Alexander die Grote en van Antiochus Epifanus. Laastens word Daniël se dood en die opstanding van die vlees aangekondig.

Die engel het vir Daniël gesê dat die Here hom baie lief het, "maar jy sal nou gaan rus in die graf. Jy sal weer opstaan aan die einde en jy sal kry wat vir jou as erfdeel bepaal is."

Saam met Daniël wag ook ons reikhalsend op daardie heerlike dag om ons aandeel in die rykdom van die Here se groot genade deur ons liewe Here Jesus se versoeningsoffer aan die kruis, te ontvang.

HOE GROOT IS U !

Ek wil die Here prys!
Here my God, hoe groot is U !
U is bekleed met majesteit en eer,
bedek met 'n mantel van lig.
U laat fonteine water stort in klowe,
stromende water tussen berge deur.
Daar drink elke dier van die veld,
Selfs wildedonkies les hulle dors.
Die voëls maak nes langs die strome

en sing tussen die bome se takke.
reën wat die aarde versadig.
U laat gras groei vir die beeste,
en plante vir die mens,
kos wat uit die aarde voortkom,
wyn om harte bly te maak,
olie om die gesig te versorg,
en brood om krag te voorsien.
Die bome van die Here kry volop reën,
hierdie seders van die Libanon
Daar maak die voëls hulle neste
en bou die ooievaar sy nes
in die toppe van hoë bome.
Die hoë berge is vir die klipbokke,
en die rotse 'n skuilplek vir dassies.
Die maan het hy gemaak
om seisoene aan te dui,
en die son weet wanneer om onder te gaan.
U stuur duisternis en dit word nag.
Al die diere van die bos sluip rond.
Dan brul die leeu op soek na prooi.
ook hulle vra kos van God.
Teen dagbreek sluip hulle weg
om by hulle lêplekke te rus
Dan gaan die mens na sy werk
en arbeid tot die aand.

Psalm 104 : 1 tot 4 en vers 10 tot 23
Dankie Here, vir u groot liefde en genade